

**SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 22:1-12**

**FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 22:3**

**Atalia – ’n Moeder se opvoeding is so belangrik!**

Atalia was die moeder van koning Ahasia. As sy moeder kon sy sekerlik ’n baie goeie invloed op hom uitgeoefen het. Dit het ongelukkig nie gebeur nie. Die Bybel draai nie doekies om hieroor nie: van Ahasia word gesê dat hy die verkeerde pad van die koningshuis van Agab geloop het. En die rede? “... sy ma was die een wat hom die raad gegee het om so verkeerd op te tree” (vs 3).

Wat ’n geweldige negatiewe getuigskrif oor ’n moeder! “Sy ma was die een wat hom die raad gegee het om so verkeerd op te tree.” Atalia sou later ook nie skroom om moord te pleeg nie. Ons lees in vers 10: “Toe Ahasia se ma, Atalia, hoor haar seun is dood, het sy al die aanspraakmakers op die troon van Juda uit die weg geruim.” Dit het sy gedoen sodat sy self koningin kon word (vs 12).

Atalia is later self ook vermoor, en dan lees ons die verskriklike beoordeling van haar lewe: “Al die burgers van die land was bly. Die stad was rustig. Atalia was dood” (2 Kron. 24:21).

Dit kon so anders gewees het! ’n Godvresende moeder kan haar kinders opvoed om godvresende mense te wees. ’n Moeder wat die Here ken en wat haar kinders lei om die Here te leer ken, kan ’n geweldige positiewe invloed uitoefen. Die verbondsopvoeding van ’n moeder is kosbaar en onmisbaar in God se kerk en sy koninkryk. Die skade wat ’n goddelose moeder soos Atalia egter kan uitoefen, is ook onberekenbaar.

Daarom moet ons dankie sê vir ons moeders wat ons van jongs af die pad van die Here gewys het, en moet ons bid dat moeders godvresend sal wees. Die toekoms van die volgende geslag hang grootliks van goeie, gelowige moeders af.

*Sing: Psalm 128:3*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*